# KERSSANGDIENS 2008

BOODSKAP: WAT IS DAAR IN JOU KERSKOUS?

**INLEIDING**
Wat wil jy graag vanjaar in jou Kerskous hê?

Ek hoor met die wêreldmarkte wat so verswak, trou die vroue deesdae vir liefde! As dit maar waar is!
As dit ook maar waar sal wees dat ons om dieselfde rede vanjaar met Kersfees Jesus se geboorte sal vier…

**PLUSKANT**
Ds Marius Greeff skryf in 'n artikel in die jongste uitgawe van LIG oor die neiging tot oordadigheid en materialisme: *"Nog nooit het die mens soveel welvaart beleef soos nou nie, maar waarskynlik was die mens ook nog nooit so ongelukkig soos juis nou nie. Wat jy kry, wat jy ry en waar jy bly, is die nuwe drie-eenheid." (Nov 2008)*

**Ekonome voorspel** egter dat die Kersverkope vanjaar minder gaan wees. "Winkels verwag 'n sagter Kerstyd" lui een koerantopskrif.
**Dis nie noodwendig net 'n slegte ding nie.** Dis baie **jammer** dat die swakker ekonomiese toestande afdankings, groter werkloosheid en baie soorte lyding tot gevolg het.
Maar daar is ook 'n **pluskant.** Luister na wat staan op die voorblad van hierdie week se *Kerkbode*: *"Die NG Kerk het by monde van die Algemene Sinode se Moderamen gesê dat hy hoop die wêreldwye ekonomiese krisis sal die einde inlui van gierigheid en die tragiese gevolge wat kooplustige materialisme vir mense en die wêreld inhou, maar besef dat hierdie oorgang met pyn en lyding gepaard gaan."*

**VERWAGTINGS**
Ons wat hier is vanmore is nog steeds **BBP's** = baie bevoorregte persone!
'n Onderwyser in **Zimbabwe** se salaris is hierdie maand net genoeg om 5 brode mee te kan koop. (*Die Burger, 22/11/08*)

**Gelukkig hoef minder winkelgeskenke nie 'n minder aangename Kersfees te beteken nie. Boonop kan niks wat in die wêreld gebeur enige afbreuk doen aan God se geskenk aan ons in die Persoon van sy Seun nie.**
DIT is tog waar die **klem** tydens ons Kersvierings behoort te val: op die geskenk Jesus en wat ons saam met Hom ontvang het – goed soos *vergiffenis* van sonde, *verlossing* uit die mag van die Bose, *geloof, hoop*

*en liefde*, die Heilige Gees en sy gawes, die dinge waarvan ons in die voorlesings gehoor het: *wysheid en insig, vreugde en vrede.*
**DIT is 'n skat wat mot en roes nie kan verniel nie**. Dit is nie blootgestel aan goed soos inflasie en resessie nie. Diewe kan dit nie van ons steel nie.
**Met 'n kerskous wat hiervan vol is, kan ons 'n heerlike, geseënde Kersfees hê!**

**'N GESEëNDE KERSFEES**

<u>Wanneer is Kersfees *"geseënd"*?</u>
'n Kersfees is geseënd wanneer jy nie net Jesus se koms *na die wrld* vier nie, maar ook sy koms ***in jou hart***.

**Die vraag is: Het jy God se geskenk, Jesus Christus, al AANGENEEM?** Sonder Hom is alles in jou kerskous net van tydelike waarde. More, oormore lê dit saam met die kersboom op die ashoop. Dan is jy maar nog net waar jy was.
Lukas vertel ons hoedat Simeon die kindjie Jesus in sy arms geneem het en God geprys het en vir sy ouers gesê het (NLV): *"Hierdie Kind sal deur baie in Israel verwerp word, <u>tot hulle eie nadeel</u>. Maar Hy sal die <u>grootste vreugde</u> wees vir baie ander."* (2:34) Om God se geskenk NIE aan te neem nie, is tot jou eie nadeel. Om Hom aan te neem, sorg vir die grootste vreugde!

**SLOT**
Of ons vanjaar 'n geseënde Kersfees gaan hê, hang gelukkig nie van die ekonomie af nie. As jy Jesus as Verlosser aangeneem het en Hom dien as jou Here, sal jou Kersfees geseënd en vol vreugde wees!

Amen.

23/11/2008